



Die Reisende Prediker

deur

Deon A Els

aan die Bybelgenootskap.

'n Huldeblyk vir Matie van Niekerk

Min mense het waarlik toegang tot die diepste binnewerking van die Reisende Prediker

Dis slegs die prediker wat weet hoe diep die Here aan die hartsnare raak

Die prediker se woorde is onvoltooid, verstrooid en iewers heen op pad

Die kosbare Woord betree die lig vanaf 'n preekstoel met 'n gedreun en 'n gestamp oor
ongemaklike kerk mikrofone vir die paar wat leer om te luister

Kosbare binne-bewegings klink skielik energieloos, selfs vir die Reisende Prediker

Nog meer so vir die eerste hoorders

Maar daar is 'n paar van hulle wat nooit onder die omstandighede vasval nie

Die Gees laat styg hulle uit bo alle omstandighede op arendsvlerke

Knus toegevou met 'n klomp Bybels onder die arm het jy geleef

Die prediker se Woord is steeds volbring, verstaanbaar en iewers heen op pad,

Hamba kakuhle.

